
# Filemon

# Om Mure Af te Breek



Louis Nel

# Om Mure Af te Breek

'n Reeks Oordenkinge oor Paulus se brief aan Filemon.

Louis Nel

**Januarie 2023**

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


Die Mure Val

Medewerkers in die Koninkryk

Liefde In Praktyk

Dwang teenoor Vrye Wil

Beleggings

1

# Die Mure Val

# Inleiding tot Filemon

(Die 2020 Bybelvertaling word deurgaans gebruik)

**VIDEO * OUDIO**

Ek onthou nog die angswekkende verhale van die berugte muur in Berlyn. Die kommuniste het hierdie muur gebou om die Weste van die Ooste te skei. Agter daardie muur het die allerverskriklikste dinge gebeur, veral met Christengelowiges. Die Christendom was dáár gladnie welkom nie, en enigeen wat sy geloof daar sou probeer uitleef is wreedaardig vervolg.

Besoekers aan die rooi wêreld agter die muur was maar skaars, en hulle is met groot agterdog bejeën. Die verhale wat mense soos ds. Dana Minnaar en Broer Andrew vertel het, het jou hare laat regop staan. Hulle was smokkelaars! Hulle het Bybels ingesmokkel vir die gelowiges agter die

ystergordyn.

Alhoewel besoekers wél toegelaat was, was die inwoners nie toegelaat om uit te gaan nie, uit vrees dat hulle Rusland sou verlaat. Die verskriklike muur het gesinne van mekaar geskei, en enigeen wat dit sou waag om te vlug, is koelbloedig doodgeskiet!

En toe val die muur!

Daar was gróót vreugde toe die Berlyn-muur die dag, 9 November 1989 afgebreek is, en mense weer vryelik deur kon beweeg!

Lees meer oor hierdie muur by: https://af.wikipedia.org/wiki/Berlynse_Muur

Daar is so baie mure en heinings in die lewe wat ons skei en inperk en in klein kompartementjies indeel. Inderdaad is ons mure nie van baksteen en beton nie, maar dit is figuurlike mure wat ons self opgerig het, mure wat mense van mekaar skei: mure van kultuur, ras, status, rykdom, armoede. Hierdie selfde mure word gewoonlik ook mure tussen ons en God. Christus het gekom as die Een wat sulke mure kom afbreek. Hy

breek die skeidings af wat sonde gebring het en wat ons van God skei. Hy breek ook die mure af wat mense van mekaar skei, en maak jou bekrompe, beperkte wêreldjie oop en vry sodat jy geestelik kan asemhaal en beweeg en jou lewe ten volle uitleef.

Paulus het hierdie brief geskryf terwyl hy in die tronk was, fisies beperk deur verstikkende tronkmure, maar geestelik so vry soos die wind! Hy skryf die brief aan ‘n geestelike leier in die gemeente in Kolosse, Filemon, ’n Griekse grondeienaar. Hierdie ryk man het sy huis tot beskikking van die gemeente gestel, sodat hulle gereeld daar kon bymekaarkom. Hy het ‘n slaaf gehad met die naam Onesimus. Dié het weggeloop, en sy paadjie het op die een of ander manier met Paulus s’n gekruis. Daar het hy tot bekering gekom. Paulus oortuig Onesimus dat ‘n mens nie vir jou probleme kan weghardloop nie, maar dat hy terug moes gaan na sy eienaar. En nou skryf hy hierdie brief aan Filemon om te vra dat hy vir Onesimus moet vergewe vir sy lafhartige

daad en hom ontvang as ‘n medegelowige. Hy moet dus nie toelaat dat die sosiale mure wat deur die jare gebou is, en veral nou met Onesimus se weglopery nog meer versterk is, tussen hulle moet kom staan nie. Hulle moet hulle eenheid in Christus beleef en uitleef ten spyte van die mure.

Alhoewel Paulus die brief persoonlik aan Filemon rig en persoonlik met hom praat, vra hy ook dat die hele gemeente die brief lees. Wat dus op Filemon en Onesimus van toepassing is, geld ook vir die res van die gemeente en ook vir elkeen van ons vandag. Die persoonlike briefie wat Paulus aan Filemon geskryf het is ‘n pragtige voorbeeld van so ‘n bevryding wat mure afbreek. Dit is ook uiters taktvol geskryf, en dit wys vir ons baie duidelik hoe Christus se krag ‘n mens se lewe en sy verhouding met ander mense totaal kan omvorm.

Paulus probeer vir geen oomblik om die norme en standaarde van die samelewing omver te werp nie. Slawerny is wel ‘n euwel, maar Paulus sê nie ‘n woord daarteen nie,

want dit sou beslis net ‘n mors van asem wees. Wat Paulus wél doen, is om die eienaar van ‘n slaaf te vra om met nuwe oë - Christelike oë - na sy slaaf te kyk. Hierdie slaaf van hom is ‘n gelowige, en is dus sy broer in Christus. Inderdaad het sy slaaf weggeloop - gedros, en dit kon hom die doodstraf kos, maar nou pleit Paulus vir die slaaf, Onesimus, omdat hy intussen tot bekering gekom het. Hy vra van Filemon om in ‘n nuwe verhouding met sy slaaf te kom. Inderdaad bly die slaaf steeds sy slaaf, en hy wat Filemon is bly steeds die baas, maar daar het ‘n nuwe gemeenskaplikheid tussen hulle gekom wat die verskriklike gaping tussen baas en slaaf oorbrug: in die Here is hulle nou broers, wat albei vir God as Vader het.

In ons eie samelewing vandag is daar soveel standverskille wat nog baie meer kompleks is as dié van Filemon en Onesimus, soos kleur- en kultuurvooroordele. As iemand ‘n ander kleur as jy het, het jy reeds klaar jou vooroordele nog lank voor jy hom as mens

leer ken. Ander mure wat ‘n mens vir jouself bou is dié van status, rykdom, geleerdheid, denkrigting, seksuele oriëntasie of ‘n bepaalde persoonlikheidseienskap. In hierdie brief roep God vir my en jou om net soos Filemon die eenheid en kindskap in Christus met ander mense, wat dalk anders as ons is, te beleef en daadwerklik uit te leef. Kom ons breek die mure af en behandel daardie afgeskeide medegelowiges as ons broers en susters in die Here.

Gebed:

Here, daar is so baie mure in my lewe - help my asseblief om hulle af te breek en my medegelowiges almal as broers en susters te aanvaar.

2

# Medewerkers in die Koninkryk

## Filemon 1:1-3

**VIDEO  *  OUDIO**

Om mure af te breek, is nie heeltemal so eenvoudig nie! Ek besluit mos nie sommer net een mooi dag dat ek nou ‘n muur gaan afbreek, en dan klim ek in met die voorhamer nie? Nee, sulke breekwerk verg in die eerste plek ‘n deeglike motivering. Ek moet besluit waarom dit nodig is om die muur af te breek. En dan, nog belangriker, breek ek mos nie sommer ‘n muur af omdat ek kwaad is vir hom nie. Ek doen dit omdat dit absoluut nodig is. Verder moet ek doodseker maak dat dit nie elders gaan skade aanrig nie!

Ek het eenmaal gaan kyk hoedat ‘n tienverdieping gebou in Durban gesloop word. Daar was maande se deeglike berekeninge en beplanning gedoen deur ingenieurs en plofstofdeskundiges. Toe die dag aanbreek dat die gebou moes val, was daar slegs ‘n klein ontploffing, en toe sak die

hele massiewe gebou saggies inmekaar sonder om eers ‘n enkele venster te breek van die omliggende geboue! Die afbreekproses moet met groot omsigtigheid gedoen word.

Presies só was dit ook vir Paulus met Filemon. Hy het sékerlik lank beplan voordat hy hierdie brief geskryf het, want dit moes mure afbreek - geestelike mure, en dit was ‘n uiters sensitiewe saak! Hy moes baie versigtig te werk gaan sodat hy nie skade aanrig in die proses nie. Die Man aan wie hy skryf, was ‘n groot aanwins vir die Koninkryk van God, en Paulus wou dit so bewaar.

Paulus was op daardie stadium in die tronk, maar hy het nie alleen gewerk nie. In die brief-aanhef skryf hy dat Timoteus sy mede-outeur is. Hy was ook mede-outeur van die twee Tessalonisensebriewe, 2 Korintiërs, Filippense en Kolossense. Hy het ‘n baie groot rol in Paulus se lewe gespeel.

Maar waarom gebruik Paulus dan juis vir Timoteus? Wat het van hom so ’n

besonderse mens gemaak, dat Paulus hom gebruik het as mede-outeur van sy briewe?

Paulus het hom op sy tweede sendingreis leer ken, en dadelik gesien dat hierdie jongman groot potensiaal gehad het. Hy was van gemengde herkoms - sy ma was Joods en sy pa ’n Griek. Paulus het Timoteus tot só ‘n mate vertrou dat hy hom gestuur het om die gemeente in Tessalonika namens hom te gaan besoek. Later was daar groot probleme in Korinte, en weereens was dit Timoteus wat moes gaan vure doodslaan. Uiteindelik het Paulus vir Timoteus in Efese agtergelaat om daardie jong gemeente te bedien en op te bou as leraar.

Is dit nie wonderlik as iemand oor jou pad gestuur word wat jy ten volle kan vertrou nie? Iemand aan wie jy selfs jou grootste probleme kan toevertrou! Wat ‘n wonderlike voorreg is dit, as ek en jy daardie persoon vir iemand kan wees en dat daar van ons gesê kan word dat ons sovéél kan beteken vir iemand wat in die bediening staan. Dit maak die verkondiging van die Evangelie vir hom

maklik, en al is jy nie eers iemand wat die Woord verkondig nie, het jy steeds dan direk deel aan die uitdra van die Evangelie.

Hierdie brief van Paulus gaan egter nie oor Timoteus nie, maar wel oor iemand anders wat nét so ‘n groot voorslag was in sy gemeente: Filemon. Hy het deur Paulus se bediening in Kolosse tot bekering gekom. As ons tussen die lyne deur lees, dan lyk dit asof hy ‘n welaf man was, ‘n Griekse grondeienaar. In daardie jare was daar nog nie kerkgeboue nie, en die gemeentes was dus genoodsaak om by huise bymekaar te kom, maar ook uit vrees vir vervolging. Ons kan aanneem dat Filemon ‘n baie groot huis gehad het, en dat hy nie suinig was om sy huis beskikbaar te stel vir die gemeente nie. Hulle het dus gereeld daar bymekaar gekom om kerk te hou. Paulus het groot agting gehad vir Filemon en vir wat hy bereid was om vir die gemeente te doen. Hy meld ook in sy brief dat hy gereeld vir Filemon bid, en dat hy baie dankbaar is teenoor die Here vir Filemon.

Paulus noem Filemon sy vriend en "medewerker". Ons weet nie of Filemon die Woord verkondig het nie, maar slegs deur sy huis beskikbaar te stel vir mense om daar kerk te hou, is hy alreeds 'n medewerker.

Die vraag is, tot watter mate is ons "medewerkers" in die Koninkryk van God? Lees ons maar net die Bybel en 'n dagstukkie, bid en gaan kerk toe? Of is ons aktief betrokke op die een of ander wyse?

Drie mense waarvan ons vanoggend gelees het, het Jesus se liefde prakties uitgeleef: Paulus, Timoteus en Filemon. Ek wil vanoggend 'n beroep op jou doen om dieselfde te doen. Wees kreatief en soek maniere waarop jy liefde kan uitleef.

Gebed:

Here, maak asseblief my oë oop en wys my hoe ek U wonderbare liefde prakties kan uitstraal na die wêreld daar buite!

3

# Liefde In Praktyk

# Filemon 1:4-7

**VIDEO * OUDIO**

Is daar verskillende grade van liefde wat 'n gelowige moet uitleef? Nou beweeg ek eintlik op gevaarlike terrein en ons het al vurige debatte gehou oor hierdie vraag!

Wanneer die Skrifgeleerdes vir Jesus vra wat die grootste gebod is, dan antwoord Hy dat jy God moet liefhê, maar ook jou naaste moet liefhê soos jouself. Later sê Hy vir Sy dissipels dat hulle selfs hulle vyande moet liefhê, en dat hulle moet bid vir diegene wat hulle vervolg. Dis beslis nie maklik nie! In Joh. 15:12 gesels Jesus egter dringend met Sy dissipels oor liefde: "Dit is My gebod:" sê Jesus vir die manne, enkele ure voordat Hy gevange geneem word, "Julle moet mekaar liefhê, net soos Ek julle liefgehad het."

Die vraag is of daar dan 'n verskil is in die liefde wat ek uitleef teen 'n gelowige, 'n

ongelowige en ‘n vyand? As ek werklik die liefde uitleef wat Jesus van my vra, dan sal ek elkeen wat oor my pad kom met onbaatsugtige liefde behandel. ‘n Medegelowige het egter ‘n besonderse band met my: ons is familie - bloedfamilie in Jesus! Kom ek verduidelik: As ek ‘n vreemdeling in die straat teëkom, sal ek hom vriendelik groet. As dit egter ‘n familielid is, sal ek hom omhels en selfs soen en styf teen my bors vasdruk. Dit is hierdie soort broederliefde waarvan Jesus hier praat. En dit is dieselfde liefde waarvan Paulus praat wanneer hy vir Filemon sê dat hy so dankbaar is teenoor die Here dat hy daardie soort liefde by Filemon sien.

Die vraag is, hoe lyk die liefde wat ek uitleef teenoor my medegelowiges? O ja, daar is medegelowiges wat dit baie maklik maak vir my om hulle lief te hê met ‘n warm broederliefde. Maar dan is daar die ouens wat dit vir my bra moeilik maak om hulle waarlik lief te hê. Dit is júís aan hierdie mense wat ek werklik moet werk om my

liefde uit te leef soos Jesus beveel het. Dink maar net: Hy het Petrus innig liefgehad, ten spyte daarvan dat Petrus Hom verloën het. Hy het Matteus innig liefgehad ten spyte daarvan dat hy ‘n tollenaar was en uitgehang het met ‘n spul gure karakters vir vriende. Hy het my lief ten spyte daarvan dat ek nie eers náástenby leef soos wat Hy van my vra nie!

Moet ek en jy nie dalk ‘n ekstra poging aanwend om daardie broer of suster van ons wat vir ons ‘n pyn is, onvoorwaardelik innig lief te kry nie? Selfs al is sy geloofsoortuigings soveel anders as myne?

In Paulus se gebed vir Filemon raak hy ook ‘n ander uiters belangrike punt aan, naamlik dat sy “deelname aan die geloof daadkragtig mag wees, deur jou kennis van elke goeie saak wat daar onder ons is, tot eer van Christus.” (v. 6). ‘n Gelowige kan nie alleen leef en terselfdertyd geestelik groei nie! Jy het ander gelowiges nodig om jou te help groei en jou insig te help verbreed. Deur byvoorbeeld intensief Bybelstudie te doen, gaan jy moontlik jou kennis verbreed, maar

dit is eers wanneer jy dit wat jy gelees het met ander gelowiges deel en bespreek, dat dit werklik vir jou waarde begin kry, soos byvoorbeeld in ‘n Bybelstudiegroep.

Deur gesprek gaan die teoretiese dinge wat jy leer gewoonlik oor na die praktiese uitvoering daarvan, en dan kry jou geloof voete en lewe. Hiermee wil Paulus by ons die dringende beroep doen om aktief in te skakel by ons gemeente se werksaamhede. Word deel van die Bybelstudie- of selgroep; neem deel aan uitreik-aksies ens.

Filemon het op ‘n baie konkrete en praktiese manier deelgeneem aan sy gemeente se bedrywighede, en nie alleen het almal daarby baatgevind nie, maar die bonus vir hom was dat hyself hierdeur geestelik gegroei het. Hy het sóveel gegroei, dat Paulus die volle vrymoedigheid gehad het om hierdie baie netelige saak van sy slaaf wat gedros het met hom te kon opneem sonder dat hy vir een oomblik bang was dat Filemon dit verkeerd sou vertolk of kleinserig daaroor sou wees!

Soos die ander rykes van sy tyd, het Filemon sékerlik ‘n paar slawe gehad - slawe wat hy ten duurste moes aankoop. So ‘n slaaf was sy eiendom, en soos met enige ander eiendom kon hy met die slaaf maak nét wat hy wou. Deur te dros kon hierdie slaaf die doodstraf kry - dit was ‘n baie ernstige oortreding! Paulus wou keer dat Filemon dalk onverantwoordelik sou optree.

Paulus was egter bewus van Filemon se goeie kwaliteite, en daarom het hy hom op hulle gewys, en dat hy hulle moes aanwend in hierdie situasie. Paulus meld nie minder nie as twee keer in een paragraaf van daardie wonderlike kwaliteit ware broederliefde wat in Filemon se lewe uitgestaan het. Hy getuig dat Filemon se liefde waarlik uitgestraal het op ‘n baie praktiese manier, nie maar net deur vir iemand te sê dat hy hom liefhet nie, maar deur dit prakties uit te leef. Deur sy liefde het Filemon mense se harte verkwik!

Ek wil vanoggend ‘n beroep op jou doen om dieselfde lewensuitkyk as Filemon aan te

kweek. Wees kreatief nes daardie pragtige mens, en soek maniere waarop jy liefde kan uitleef. Straal veral ware broederliefde uit teenoor al die medegelowiges wat oor jou pad kom!

Gebed:

Here, maak asseblief my oë oop en wys my hoe ek U wonderbare liefde prakties kan uitstraal na my medegelowiges, selfs ook diegene wat dit vir my moeilik maak!



**Terug na Inhoud**

# Dwang teenoor Vrye Wil

## Filemon 8-14

**VIDEO * OUDIO**

Om ‘n steeks donkie te dwing om te doen wat jy wil hê hy moet doen, is ‘n bykans onbegonne taak. Anders as wat meeste mense dink, is ‘n donkie baie beslis nie ‘n dom dier nie, hy is seker die slimste van al die plaasdiere!

Pa het in sy kleintyd op so ’n slim donkie skooltoe gery. Daardie jare was daar nog nie skoolbusse nie, en hulle was maar brandarm. Soggens, wanneer dit tyd geword het om te vertrek skool toe, was die donkie net weg, soos in skoonveld-weg! En dan moes Pa eers loop soek vir die simpele dier. Hy het eenmaal die donkie uitgevang waar hy plat gelê het langs die doringdraad, besig om op sy sy onder die draad deur te seil om weg te kom! Dit het gewoonlik baie mooipraat gekos om hom weer in rat te kry om skooltoe te loop wanneer hy uiteindelik die donkie

opgespoor het! Om hom te slaan of uit te skel oor sy verfoeilike daad, het net mooi niks gehelp nie, want dan was hy só steeks dat jy met hom absoluut niks kon uitgerig kry nie. Mooipraat was die geheime woordjie om hom te laat loop waar hy moes loop.

Maar Pa vertel dat hierdie “dom” dier presies geweet het watter dag van die week dit was, want elke Saterdagoggend nog voor dagbreek was hy daar by die huis, en dan het hy ongedurig gebalk vir ‘n happie lusern! Hy het natuurlik geweet dat daar Saterdae nie gewerk word nie! Pa se donkie was nie menssku nie, maar werksku. Die harde pad skooltoe elke oggend was nie lekker nie, want hy was gedwing om dit te doen.

Paulus het ‘n sekere aspek van hoe ‘n mens se brein werk, baie goed verstaan. Jy wil nie gedwing word om ‘n ding te doen nie, want dan raak jy nes Pa se steeks donkie, en jy bly weghol van jou verpligtinge af. Paulus het baie goed geweet dat as jy oorreed kan word om iets te doen uit jou eie vrye wil, dan word dit vir jou ‘n plesier of selfs ‘n passie, en dan

is jy soos daardie donkie wat op Saterdae nie weghol nie maar knaend om die huis kuier.

‘n Predikant wat byvoorbeeld preek oor sonde en jou dreig met die hel en al wat ‘n straf is, boesem net vrees by mense in. Enkele mense sal na hom luister en uit blote vrees tot ander insigte kom. As die predikant egter ‘n inspirerende preek lewer oor dieselfde onderwerp, en die groot offer wat Jesus gebring het, en hoe duur Hy vir jou betaal het, dan raak hy jou hart aan. Sou hy jou dan uitdaag om uit eie vrye wil, uit dankbaarheid vir Jesus se werk van die sonde afstand te doen, dan raak dit ‘n plesier en selfs ‘n groot passie vir jou om weg te kom van die sonde af!

En dit is presies wat Paulus hier doen. Paulus het met baie groot gesag gepraat, en almal het geluister na wat hy gesê het. As Paulus dus vir Filemon sou beveel het om Onesimus terug te neem en hom mooi te behandel, sou Filemon dit heel waarskynlik gedoen het, maar slegs uit dwang omdat die groot sendeling, Paulus hom so beveel het.

Daar sou nooit sprake kon wees van ‘n goeie verhouding tussen Filemon en Onesimus nie, want die stigma van slaaf wat gedros het sou maar altyd aan hom bly kleef het.

Paulus pleit egter eerder by Filemon om met nuwe oë na Onesimus te kyk. Hy word nie gedwing nie, maar Paulus vra hom of hy nie asseblieftog maar sal oorweeg om Onesimus terug te neem nie. Dan verduidelik Paulus dat Onesimus eens op ‘n tyd maar net ‘n slaaf was - nie eers ‘n baie goeie slaaf nie, want hy het gedros en hy was dus nutteloos. Maar nou is hy bereid om uit eie vrye wil terug te gaan na sy eertydse baas, hierdie keer as ‘n nuttige slaaf en boonop ‘n medegelowige!

As jy op jou gesagsposisie staatmaak om iemand anders te oorreed of selfs te dwing om iets te doen, misluk dit gewoonlik, al lyk die saak vir jou ook hóé reg. Dit mag dalk op die korttermyn werk, maar oor die langtermyn gaan dit misluk. Dwang maak mense skelm, want hulle kyk waar hulle agteraf jou wet kan omseil. Aan die ander kant help dit ook net

so min om op iemand se “skuldige gewete” te speel om hom tot ander insigte te probeer beweeg. Om jou skuldig te laat voel oor ‘n saak, sal ook maar net vir ‘n kort tydjie werk, totdat jy geleer het om jou gewete te sus.

As jy egter die ander persoon kan oorreed dat jou standpunt klop met wat die Here vir ons wil hê, en hom motiveer om dit uit eie vrye wil te doen, dan gaan dit werk, want dan is dit nie meer jóú dwang nie maar sý eie passie wat hom die regte ding laat doen. Die geheim is dat jy die persoon só moet motiveer, dat hy sal uitsien daarna om dit te doen, en dat dit vir hom lekker sal wees. ‘n Voorbeeld is hierdie dagstukkies wat ek skryf: vir my is dit nie ‘n taak of werk nie, maar ‘n passie! Ek sien uit daarna om dit te doen, en dit is vir my lekker. Hier leef ek my geloof uit - uit eie vrye wil!

My pleidooi by jou, liewe leser, is dat jy ook ‘n passie sal ontwikkel om op jou eie terrein vir Jesus te werk - uit eie vrye wil, en nie omdat jy daartoe gedwing is nie. Bid oor die saak, en vra die Here om jou te wys wat jy vir Hom

kan doen. En as jy die dag die antwoord het - doen dit met groot entoesiasme!

Gebed:

Here, maak asseblief ‘n passie in my wakker om vir U te werk, en wys my asseblief die regte pad!

5

# Goeie Beleggings

# Filemon 15-25

**VIDEO * OUDIO**

As ’n mens kapitaal het, dan is dit goed om ‘n belegging te maak. Sê nou maar jy bekom ‘n groot bedrag geld (dalk ’n erfporsie) dan gaan jy dit mos nie sommer net in die blikkie onder die kooi wegsteek nie. Jy gaan iets daarmee doen. As jy slim is, gaan jy jou opsies oorweeg en kyk waar jy die beste belegging kan maak sodat daar goeie rente op jou geld verdien word, en jou belegging terselfdertyd veilig is.

Maar geld is nie die enigste ding wat jy kan belê nie: as jy die een of ander goeie gawe in die lewe ontvang het, gaan jy dit op soortgelyke manier deeglik ondersoek, oorweeg en op die beste manier belê. Sê nou maar jou gawe is rekenaarprogrammering. Dan is daar verskeie opsies om dit te “belê.” Jy kan byvoorbeeld vir ‘n groot maatskappy gaan

werk en ‘n goeie salaris met jou talent verdien. Of jy kan jou eie onderneming begin, en met taktvolle beplanning ‘n suksesvolle besigheid opbou.

Daar is egter ook ‘n derde soort belegging - ‘n geestelike belegging. Jy kan die verlossing wat jy van Jesus ontvang het gaan herbelê in ander mense. Die rente wat jy só “verdien” is van ewigheidswaarde, en is véél meer werd as énige aardse belegging. Paulus het van hierdie soort belegging baie geweet, en hy het sy “geestesgeld” belê nét waar hy kon. Sommige van sy beleggings was uiters suksesvol en het sommer baie “rente” verdien!

In hierdie skrifgedeelte lees ons van twee van Paulus se duisende beleggings wat hy gemaak het. Die eerste was maar ‘n relatief nuwe klein belegging, maar alreeds het dit begin rente verdien: Onesimus! Hy het vir Onesimus gekry as ‘n nikswerd wegloopslaaf met waarskynlik nog ‘n prys op sy kop ook. Nie alleen was hy ‘n slaaf nie, maar ook ‘n totale heiden! Paulus het egter verby al

hierdie negatiewe vuil klere gekyk en in Onesimus die potensiaal van ‘n goeie belegging gesien.

Dit was dalk in sommige oë ’n baie riskante belegging! Maar wat het hy gehad om te verloor? Absoluut niks!

En so spring Paulus daar in die tronk aan die werk en begin vir Onesimus bearbei. Kort voor lank word hierdie stuk onbruikbare, onvergenoegde mens ‘n splinternuwe, bruikbare gelowige wat sy eerste rente lewer deur vir Paulus in die tronk by te staan uit pure dankbaarheid vir wat Paulus vir hom gedoen het!

Paulus het egter véél verder as sy eie behoeftes gekyk, want terug by sy baas, Filemon, kon Onesimus nog véél meer rente verdien vir die koninkryk. Daar sou hy nie meer maar net ‘n gewone, nuttelose, alledaagse slaaf wees wat dreig om te dros nie, maar ‘n bruikbare, gelowige slaaf, wat nou deel van sy baas se geestelike familie word. Die Engelse spreekwoord sê: “Put your

money where your mouth is." Paulus was bereid om dit te doen, en het selfs aangebied om vir Filemon te vergoed vir enige skade wat Onesimus hom kon berokken het.

Ons lees egter van 'n tweede belegging wat Paulus al etlike jare tevore gemaak het. Hierdie belegging het al sommer sakkevol rente verdien: Filemon. Toe Paulus vir Filemon ontmoet het, was hy 'n tipiese arrogante Griekse grondeienaar wat waarskynlik sy tyd verwyl het deur in die afgodstempels rond te hang. 'n Losbandige lewe van brassery en flankeer met die tempelprostitute was aan die orde van die dag, veral vir mense soos Filemon wat sulke dinge kon bekostig. Toe kom Paulus oor sy lewe, en alles verander. Paulus het sommer geweet dat hierdie 'n baie lonende belegging kon word, en hy was beslis nie teleurgestel nie. Sien, toe Filemon sy lewe deur die Heilige Gees laat lei het, het hy sy eiendom en tyd tot beskikking van ander mense gestel sodat daar 'n nis geskep kon word waar gelowiges veilig bymekaar kon kom om te

aanbid. Sodoende het Paulus se belegging rente op rente verdien.

Paulus herinner nou vir Filemon aan hierdie belegging wat hy gemaak het, en dat hy dit nie moet vergeet as Onesimus weer by hom uitkom nie. Miskien moet hy Onesimus se drostery júís sien as ‘n tydperk waarin Onesimus herskep moes word van onbruikbare slaaf na geliefde broer. “Maak asseblief my hart bly”, pleit Paulus by Filemon.

Het jy alreeds Jesus se liefde gekry in jou lewe, Sy volkome vergifnis en kwytskelding ontvang? Ek vertrou dat jy dit reeds ontvang het! Daarom vra ek vanoggend van jou - nee, ek pleit by jou - om die grootste belegging te maak wat jy ooit in jou lewe kan maak. Dis ‘n belegging sonder enige risiko’s en met absoluut onbeperkte rente. Gebruik die talente wat jy het om die Evangelie te versprei na die goddelose wêreld daar buite.

Gaan sit en beplan deeglik - bid dat die Heilige Gees jou sal wys op watter wyse jy

die Woord kan versprei. Onthou: ‘n goeie belegging kos navorsing en beplanning, en nét so ook om te belê in die Koninkryk van God. Begin met ‘n klein belegging, en “waag” dan al groter totdat jy onbevrees en met volle selfvertroue soos Paulus links en regs beleggings kan maak.

Gebed:

Here, wys my asseblief waar die moontlikhede lê vir geestelike beleggings, en gee my die selfvertroue om vryelik in U koninkryk te belê!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

 Terug na Inhoud